

**16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 11 en 12**

### **Is ons ook op hierdie foto's?**

God het genoegsame voorskrifte aangekondig waarmee Hy bekend gemaak het wie Hy is, wie die volk is en hoe hulle reg kan lewe. Dit is stippellyne vir die lewenspad. Nou kom die toets: Hoe gaan dit in praktyk? Gehoorsaam die volk of faal hulle.

Uit die hoofstukke wat ons saam gelees het is dit duidelik dat die volk hopeloos faal. Die woestyntog is hard en moeilik. Daar is min kos en water. Na 'n paar weke begin hulle God verwyt dat Hy hulle laat optrek het. Hulle sou liever in Egipte wou bly waar daar oorvloed water en kos was. Selfs Moses raak opstandig. Hy sê: Here, waarom behandel U my so sleg ... dat U die verantwoordelikheid van die hele volk op my gelaai het? Asof alles nie genoeg was nie, kom selfs Mirjam en Aäron in opstand teen Moses se leierskap en sweep hulle die hele volk teen Moses op.

Natuurlik misluk God nooit en kan sy leierskap nie faal nie. As die volk hulleself dus opsweep, of wanneer nie-Israeliete gif saai, of selfs leiers soos Mirjam en Aäron rebelleer, gryp God in en tug Hy sy volk. Vuur breek in die laer uit en brand duisende dood. Ander sterf wanneer halfgedroogte kwartelvlies gulsig verslind word. Die reisfoto's vertoon 'n afskuwelike prentjie. Is ons ook iewers te sien?

Dis een manier waardeur God ons tereg wys en opvoed, naamlik deur tug. God doen egter nog meer: Hy help ons om te gehoorsaam. Hy gee sewentig helpers aan Moses en Hy gee die Heilige Gees in 'n besondere mate aan hulle. So ontvang ons ook geestelike leiers, die Woord en die Gees om ons reg te lei.

*Sing: Psalm 107:2*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*